24 Desember **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:3-21**
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:6-10

‘n Geseënde oukersaand en Kersdag

Hoe gaan jy vanaand en môre feesvier? Gaan dit vir jou net oor die geskenke en die vrolikheid van ‘n wêreldse fees? Of gaan dit vir jou werklik oor die grootste gawe van alle gawes, naamlik dat God sy Seun na die wêreld gestuur het.

Gaan dit oor goed en geld of oor godsdiens? Die ongelowiges gebruik godsdiens om geldelike wins mee te maak. Paulus waarsku in verse 9 en 10 teen die versoeking van rykdom. Hy sê reguit dat geldgierigheid die wortel van alle kwaad is. Pas dus op vir die aanhoudende gejaag na rykdom.

Die ware wins lê in ons diens aan God – dit het ewige waarde. Dit is die boodskap van Kersfees. Christus red jou van jou sondes. Hy het jou los gekoop met sy bloed. Die grootste geskenk wat jy kan ontvang is nie geld of besittings nie, maar die verlossing in Christus.

Bring dus hierdie feestyd in vreugdevolle dankbaarheid teenoor jou Vader deur. Geniet jou saamwees met familie en vriende, maar dank God bowenal vir sy groot liefde vir jou en jou familie in Christus.

Gaan loof en prys Hom môre saam met medegelowiges in die erediens, want:
Só lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun vir jou gestuur het.

Mag jy ‘n geseënde oukersaand en Kersdag belewe.

Sing: Skrifberyming 4:5,6 Ds W Vogel (Welkom)